

Skriflesing: Joh 5:18-20

Tema: Hoe lyk jou stap?

Op vadersdag wil ek veral die fokus op vaders laat val, maar ook op alle ander gelowiges. Die vraag wat ons vandag vir mekaar vra is: "Hoe lyk jou stap?"

Pa's moet asseblief nie afskakel omdat hul dink dat ek hulle gaan aanvat en laat sleg voel nie, die hele wêreld klap my en nou doen die dominee dit ook nog. Omdat ekself 'n pa is, kan ek jou nie klap nie, want ek het ook al lekker drooggemaak. Maar ek wil jou in die naam van die Here uitdaag.

Maar kom ons kyk net gou eers na die volgende belangrike statistieke:

Die "State of South African Fathers" verslag wat in 2018 verskyn het, het aangedui dat 71% van Suid-Afrikaanse kinders wel 'n volwasse man in die huis het, waarvan (slegs) 35% die biologiese pa is. Hulle praat daarom van "sosiale vaderskap". Die meeste gesinne het 'n "sosiale vader". Dit maak nie saak of jy 'n biologiese vader of 'n sosiale vader is nie, jy is 'n vader.

Die volgende statistiek toon aan waarom dit so belangrike is dat ouers die Here dien:

As pa 'n Christen is (saam met ma), is die kans 93% dat hul kinders Christene sal wees.

As net ma 'n Christen is, is die kans 17% dat haar kinders Christene sal wees.

As nie ma of pa 'n Christen is nie, is die kans 3% dat hul kinders Christene sal wees.

Wanneer ma en pa positiewe betrokke lidmate is, is die kans 80% dat hul kinders betrokke lidmate sal wees. Wanneer net pa 'n positiewe betrokke lidmaat is, is die kans 70% dat sy kinders betrokke lidmate sal wees. Wanneer net ma 'n positiewe betrokke lidmaat is, is die kans 30% dat haar kinders betrokke lidmate sal wees. Wanneer kinders by kategetiese afgelaai word, is die kans 10% dat hul betrokke lidmate sal wees.

Hoor gou die volgende 3 stories wat die belangrikheid van ouers onderstreep. Twee daarvan is negatief en een positief:

James Ryle het die volgende tydens 'n konferensie van die organisasie "Promise Keepers" vertel. Toe hy twee was, is sy pa tronk toe gestuur. Toe hy sewe was, is hy in 'n kindershuis geplaas. Op 19 was hy in 'n motorongeluk waarin 'n vriend gesterf het. Hy het dwelms verkoop om geld vir sy regs-koste bymekaar te maak, maar is gearresteer en het tronkstraf uitgedien. James het in die gevangenis tot bekering gekom. Na sy ontslag het hy in die bediening ingegaan. Jare later het hy sy pa opgespoor. Sy pa het gevra: "In watter tronk was jy?" Op James se antwoord het sy pa gesê: "Ek het daardie gevangenis help bou." Hy was 'n sweiser wat aan verskeie tronke gewerk het. James het gesê: "Ek was in die tronk wat my pa help bou het."

Ek kuier eendag by 'n man wat funksies bywoon wat nie tot eer van die Here was nie. Doodtevrede vertel hy my dat sy vrou die kinders huis toe neem, voor die partydjies te rof raak. Ek kon nie glo dat hy dink dat sy kinders nie sal weet wat hy aanvang nie.

Die positiewe verhaal is van 'n matrikseun wat my vertel het dat sy pa sy hero is. Sy pa het toegelaat dat die Here sy lewe omdraai en dien nou die Here met 'n passie. Aan die einde

van dieselfde jaar sterf die seun in 'n motorongeluk. Wat 'n wonderlike voorreg om, met trane wat oor ons wange loop, vir 'n pa te kan sê dat hy sy seun se hero in Christus was!

Jou kinders gaan nie altyd na jou raad luister nie, maar hulle kan nooit aan jou invloed ontsnap nie.

'n Kind wat sy eerste 18 tot 20 jaar saam met jou slyt, sal nie anders kan as om, terwyl hul unieke Godgeskepte mense is, ook in jou voetspore te volg nie.

Ons lees in Joh 5:18-20:

¹⁸Hieroor het die Jode nog des te meer probeer om Jesus dood te maak: Hy het nie net die sabbatdag onheilig nie, maar God ook sy eie Vader genoem en Hom so met God gelyk gestel. ¹⁹Toe het Hy Hom verweer en vir hulle gesê: "Dit verseker Ek julle: Die Seun kan niks uit sy eie doen nie. Hy doen maar net wat Hy die Vader sien doen; wat die Vader ook al doen, doen die Seun ook net so. ²⁰Die Vader het die Seun lief en wys Hom alles wat Hy doen; en Hy sal Hom nog groter dade as hierdie wys, sodat julle verbaas sal staan.

1 Kor 11:1

Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg.

1 Joh 2:3-6

³As ons die gebooi van God gehoorsaam, weet ons daaraan dat ons Hom ken. ⁴Iemand wat sê: "Ek ken Hom," maar nie sy gebooi gehoorsaam nie, is 'n leuenaar, en die waarheid is nie in hom nie. ⁵Wie sy woord egter gehoorsaam – in hom het die liefde van God werklik sy doel volkome bereik. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. ⁶Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos Jesus gelewe het.

Die appel val nie ver van die boom nie. Jesus doen wat Hy sy Vader sien doen. Kinders doen wat hulle hulle ouers sien doen.

'n Gelowige vader kan altyd en oral sy kinders in die woorde van Paulus oproep om sy voorbeeld te volg omdat hy die voorbeeld van Christus volg.

Hoe lyk 'n lewe wat Jesus demonstreer? Dit is 'n lewe waarin ons uit dankbaarheid die gebooi van die Here gehoorsaam.

Uit dankbaarheid het ek die Here lief bo alles. Ek staan in 'n lewende verhouding met die Here. Ek dra sy beeld uit. 'n Kind sal moeilik in God 'n vader vind as hy nie in sy vader iets van God vind nie.

Vaders wat stap in geloof aanbid net die Here en geen ander afgode soos bv geld, werk of sport nie. Hy kry die eerste en ereplek in ons lewens. Hulle misbruik nie die Here se naam nie. En hulle huldig sondag as dag van die Here deur op dié dag te fokus op die oorwinning wat Jesus vir ons behaal het, dit is 'n spesiale dag wat hul opsy sit vir die Here en hulle families en 'n dag waarop hulle rus.

En so 'n goeie boomdra hulle goeie vrugte. Vanuit die Here se liefde vir ons en ons liefde vir Hom het ons ons naaste lief soos wat die Here ons liefhet. Aan die kruis sien ons hoe ons liefde vir onself en ander mense moet lyk.

En onthou dat kinders liefde “TYD” spel. Dit is geweldig belangrik dat ons tyd met ons kinders sal deurbring. Ek weet ons manne se programme is baie vol. Maar die aantal tyd met ons kinders is meer ‘n kwessie van prioriteit as tyd. As iemand my belangrikste prioriteit is, soos wat kinders is, maak ek tyd met hulle.

En ek leer hulle van liefde vir mense soos ons dit in die laaste 6 van die 10 gebooie vind. Ek eer en respekteer alle gesag oor my gestel. Ek maak nie mense seer en slaan hulle nie dood met my woorde en gedagtes nie. Die beste ding wat ‘n pa vir sy kinders kan doen, is om hulle ma lief te hê. Ek steel nie. Wanneer die Here my seën is my hart en hand oop vir hulle wat swaarkry. Ek praat altyd en oral die waarheid. Ek sê niks oor ander mense as dit nie iets goed is nie. En ek is tevrede met dit wat die Here vir my gee.

Ek moet hierdie waardes vir my kinders leer, maar ons moet onthou dat hierdie Christelike waardes meer “gecaught” as “getaught” word. Kinders met dit in ons lewens sien. As Vader moet ek my kinders oproep om soos ek lief te hê, te praat, motor te bestuur ens.

Ek sluit af:

In Josua 24:15 lees ons die woorde van Josua: ¹⁵“Of, as julle dit nie goedvind om die Here te dien nie, kies dan vandag wie julle wil dien: die gode wat julle voorvaders gedien het anderkant die Eufraat, of die gode van die Amoriete in wie se land julle woon. Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien.”

En in Josua 24:31 lees ons: Israel het die Here bly dien tydens die lewe van Josua en tydens die lewe van die leiers wat vir Josua oorleef het en alles ervaar het wat die Here vir Israel gedoen het.”

Josua en die volk het gekies om die Here te dien. En hulle het ervaar wat die Here in hulle lewens doen. Maar dan volg hierdie ontstellende vers in Rigters 2:10: ¹⁰“Al die mense van sy (Josua) leeftyd het gesterf, en die volgende geslag se mense het nie die Here geken nie. Hulle het ook nie geweet van sy groot dae wat Hy gedoen het om vir Israel te help nie.”

Christenskap is altyd een geslag weg van verdwyning. Iewers het Josua en sy mense nagelaat om die goeie nuus van die Here, sy liefde en genade in hulle lewens, aan hulle kinders oor te dra en die volgende geslag het nie die Here geken en gedien nie.

Wanneer ons in die voetspore van die Here stap en Hom ken en dien, is die kans baie groot dat ons kinders dit ook sal doen en die ideaal waarvan ons lees in Ps 145:4-5 sal ‘n werklikheid bly: ⁴“Geslag na geslag prys wat U doen en vertel van u magtige dae, ⁵van die luister, die heerlijkheid van u majesteit.” Of dit sal gebeur, hang van ons as vaders af. Amen